

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

September 2010 **Nommer 97**

INHOUDS OPGAWE

**Vreemd is nie so vreemd
nie ...1**

**Waar sal dit op uitloop?
...3**

Sagmoedigheid ...5

**Waar God sy Naam laat
gedenk ...7**

VREEMD IS NIE SO VREEMD NIE

TP Nap

Twee jaar gelede val ek vas op die lughawe in Athene. Daar was vir my geen opsies nie, geen slaapplek en so te sê net 'n paar sente in my sak. Buitendien is ek nie Grieks magtig nie en is my "lughawe-Engels" ook nie juis iets om oor huistoe te skryf nie.

Ek het totaal verlore en alleen gevoel. Soos 'n vreemdeling in Jerusalem. Niemand het ook enige moeite gedoen om my uit my penarie te help nie. Behalwe dat ek soos 'n vreemdeling gevoel het, wás ek ook 'n totale vreemdeling.

In hierdie artikel gaan dit dan ook oor vreemdelingskap. Hoe so? My eie situasie op die lughawe was tog net tydelik. Na 'n dag was ek op 'n vlug oppad terug na die lughawe op Amsterdam. Weer in my eie land, my eie taal en my eie huis. Ek was weer tuis. Nie meer 'n vreemdeling nie. En Athene is net nog 'n herinnering.

Maar wat word eintlik bedoel met die vreemdelingskap waarna die Bybel verwys? Is jy 'n vreemdeling? Voel jy soos 'n vreemdeling? Abraham was 'n vreemdeling. Ja. Maar kan 'n Suid-Afrikaner met burgerregte, met 'n geldige paspoort in sy besit, Suid-Afrikaanse grond aan sy skoene, hom enigsins indink in die rol van vreemdeling? Kom ons lees.

Abraham

Ons begin by die begin. Abraham, Sara, Isak, Esau en Jakob het in die land van vreemdelingskap gewoon. Dit was nie hulle land nie, al het God dit vir hulle belowe. Baie mense het die lewe vir hulle moeilik gemaak, hoewel ander mense hulle goed gedra het teenoor hulle "gaste".

Abraham en al die ander het die beloftes wat die Here vir hulle gegee het, geglo. God het byvoorbeeld

vir Abraham gesê: “En Ek sal aan jou en jou nageslag na jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ’n ewige besitting” (Genesis 17: 8 - sien vir die herhaling van die belofte aan Jakob, Genesis 28: 4).

Ons kan vir ons ’n prentjie vorm: Ons sien ’n nomadiese familie wat deur die land trek. Hulle lewe van die gunste en gawes van die landbewoners. Hulle bly vreemdelinge: niemand kry ’n vaste stukkie grond nie. Geen grond nie, behalwe: Abraham koop ’n stuk grond met ’n spelonk daarop waarin hy sy vrou kan begrawe en waar hy later ook begrawe kan word. “Die spelonk van Magpela, in die veld van Efron, die seun van die Hetiet Sohar, wat teenoor Mamre lê, die veld wat Abraham van die Hetiete gekoop het,” soos dit in Genesis 25 geskryf staan. In die manier waarop die skrywer van Genesis dit verwoord, lyk dit asof hy nog steeds daaraan gewoond moet raak dat hierdie stuk land Abraham se eiendom geword het! In Egipte, waar die seuns van Jakob - deur ernstige hongersnood! - beland het, word vreemdelinge nie soos gaste behandel nie. Ook nie soos gasarbeiders nie. Wel soos slawe. Eksodus 1 skets ’n beeld van verdrukking en ondergang. Wat verwag ’n mens ook anders, hulle was immers die vreemdelinge? Selfs sonder die hedendaagse haat teen rasse en volke, sou ’n mens jou goed kan voorstel wat dit alles inhou.

Vreemdelingskap was vir hulle ’n werklikheid. Nie noodwendig die styl van lewe waarna hulle verlang het nie. Toe Abraham hongersnood in die gesig gestaar het in die land wat God hom belowe het (Genesis 12: 10: tien verse na sy roeping!), kon hy ook omdraai en weer terugtrek in die rigting van Haran. Maar hy doen dit nie: Hy trek na Egipte om daar, voor God se aangesig, as vreemdeling te vertoef.

Israel

God eis later van sy volk om die vreemdelinge binne sy grense lief te hê. Hierdie gebod is nie sommer net uit die lug gegryp nie, maar word begrond in die volk se eie verlede. “Daarom moet julle die vreemdelinge liefhê, want julle was

vreemdelinge in Egipte” (Deuteronomium 10: 19). “Jy mag die reg van vreemdeling en wees nie verdraai nie en die kleeft van ’n weduwee nie as pand neem nie. Maar jy moet daaraan dink dat jy ’n slaaf was in Egipte en die Here jou God jou daaruit verlos het” (Deuteronomium 24: 17-18).

Dit was woorde wat hulle goed kon verstaan. Hulle het geweet wat dit beteken om vreemdeling te wees. Maar as ons dit nou vandag lees, wat het dit met ons te make?

Ons was nie vreemdelinge in Egipte nie. Ons is Suid-Afrikaners in murg en been, gebore en getoë in hierdie land. Dalk selfs gebore op ’n stuk grond wat reeds lankal in die familie is. Erfgrond. Ons het nog nie gedwonge volksverskuiwing en uitsettingsbevele aan ons eie lyf gevoel nie. Ons wag nie in spanning om te hoor of ons aansoek vir asiel of verblyf in ’n nuwe land goedgekeur word nie. Ons is hoogstens vir kort rukkies vreemdelinge, op ’n internasionale lughawe. Met die nodige paspoort veilig in ons besit. Ons voel veilig en tuis in ons bekende omgewing, die straat waarin ons woon. Is vreemdelingskap nie maar net vir Zimbabwiërs en Rwandese nie?

Die land van Vader word gegee aan al sy vreemdelinge.

Dit is goed om in die Bybel te sien dat vreemdelingskap nie net verdwyn het nadat Israel Kanaän ingeneem het nie. Selfs die in besit neem van duisende wingerdstokke en vyebome, die aanplant van saad, het hulle nie minder vreemdelinge gemaak nie. Die in besit neem van Kanaän bevestig juis hulle vreemdelingskap: “Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is” (Levitikus 25: 23).

Mens sou kon sê die vreemdelingskap het later “vergete” geraak: binne Israel se grense woon almal veilig. Dawid sit hoog en droog op die koningstroon. Hy voel beslis nie soos ’n asielsoeker nie. En tog sê hy: “Want ons is vreemdelinge en bywoners voor u aangesig soos al ons vaders” (1 Kron. 29: 15). Die psalmdigters het ook nie oor

Daar is geen vierkante sentimeter grond in hemel of op die aarde of onder die aarde waar daar vrede is tussen Christus en die Satan, nie.

- C van Til

hierdie saak geswyg nie. Psalm 39 en 119 sê: “*Ek is ’n vreemdeling by U,*” en “*’n vreemdeling op aarde*”.

Geloof

Dis duidelik dat vreemdelingskap nie net te doen het met ’n stuk grond en ’n paspoort nie, maar met *geloof*. Die gelowige sê: “*Ek is ’n vreemdeling voor u aangesig*”. Met ander woorde: Hy is deeglik bewus van sy eie kleinheid. Selfs al sit hy in die beloofde land onder sy wingerdstok en vyeboom, verloor hy nie sy posisie teenoor sy God uit die oog nie. Hy gedra hom nie soos ’n ryk grondbesitter wat homself allerhande regte toe-eien nie. ’n Vreemdeling is wat hy wil wees, deeglik bewus van sy beperkinge. Lees gerus die direkte konteks in 1 Kronieke 29 en Psalm 39: 5-6: dit handel oor die kortstondigheid van die lewe. Deurdad die skrywer die woord vreemdeling gebruik, is hy baie bewus van die grootheid en guns van God. Hy weet hoe God vreemdelinge met vreemdelinge omgaan! Daarom doen hy ’n beroep op God se genade deur homself as vreemdeling te sien: “Here kyk na my...”

**’n Lewe waar die verduring van
smaad en spot ter wille van
Christus eerder die reël as die
uitsondering sal wees.**

Vreemdelingskap het alles met ons geloof te make. Die geloof leer ons om ons op God se plan te rig: hierdie wêreld is, hoe lekker dit ook al mag voel om jou eie grond te besit, en hoe aangenaam dit ook al in jou gesellige huis is - dit is nooit volmaak nie.

En ook: nie elke huis beleef die heerlike gevoel nie. Nie elke land is veilig nie. Dit besef ons maar alte goed elke keer as daar vreemdelinge is wat kom hulp vra. Die wêreld is nie volmaak nie. Ons hoor dikwels hoe die wêreld sug. En ons self voel ook die pyn.

Maar ons God werk gerig na ’n nuwe wêreld. Ons geloof leer ons om uit te sien daarna. Want die geloof vertel ons dat ons nou reeds deel mag hê

aan, en erfgenaam mag wees van hierdie nuwe wêreld, net soos wat ons voorvaders en hul families geweet het van ’n nuwe, beter vaderland (Hebreeërs 11: 9-10, 13-16).

Die vraag is dus nie: “Is jy vreemdeling of erfgenaam?” nie. Die vreemdeling wat hom rig op God se plan, mag uitsien na die ewige erfdeel. Hy is erfgenaam. Daar is ’n gesang wat eindig met die woorde: “daar is die vreemdelingskap vergete en ons, ons is in die Vaderland”.

Die land van Vader word gegee aan al sy vreemdelinge.

Anders

Geloof leer ons ook om ons te rig op die Seun van God. As Petrus in sy eerste brief sy aanhoorders as “vreemdelinge” aanspreek, rig hy hulle aandag op Jesus Christus. Hy roep hulle op om Jesus te volg. Deel van vreemdelingskap is navolging van Jesus Christus.

As vreemdelinge bly ons altyd nomadies: pelgrims, oppad êrens heen. Net op dié weg vind jy jou erfenis. As gelowiges saam is ons dus mekaar se reisgenote. Wat al hierdie dinge betref was die voorbeeld van die lughawe, van oppad wees, nie so vergesog nie.

Dus: nie ’n lewe waar alles altyd goed verloop nie. ’n Lewe waar die verduring van smaad en spot ter wille van Christus eerder die reël as die uitsondering sal wees. Dit is iets wat ’n mens amper daagliks beleef: dit of die goddelose nie net die helfte van die wêreld nie, maar sommer die hele wêreld besit. Mense kyk jou aan asof jy dwaas is omdat jy elke Sondag kerk toe gaan. Hoekom sou jy dit doen? En jy voel soos ’n totale vreemdeling as jy Sondagsrus bepleit. Op skool en universiteit voel jy soos ’n vreemdeling omdat jy anders dink as die res. En oor die evangelie kan ’n mens eintlik nie meer in die publieke sfeer praat nie.

Christene is “anders”, soos ons uit Efesiërs 4: 20 kan aflei. “Anders”, die wêreld noem ons: “vreemd”.

Die afwysing en vyandigheid van die wêreld moet

Die Bybel ken nie so iets soos “samesamewerking” aan jou verlossing nie. ’n Dooie persoon kan nie saamwerk aan sy eie opstanding nie.

- L Greenway

ons nie verbaas nie: dit was te verwagte. Ons is vooraf gewaarsku, maar ook vertroos: ons is wel *in* die wêreld, maar ook deel *van* Jesus Christus. Wie op Hom en sy ryk gefokus is, wie se paspoort deur Hom gestempel is, sal nie anders kan as om Hom te volg nie. Ons woorde en dade word gestempel deur die liefde wat daar vir Hom is. Dink maar aan die man wat bereid was om alles op te offer om die skape van God te versamel: Paulus.

Vreemd?

Paulus was op besoek in Athene (Handelinge 17). En die mense daar het gesê: *“Dit lyk of hy ’n verkondiger is van vreemde gode...”*. *“U bring sekere vreemde dinge in ons ore...”*.

Die mense moes gedink het hy is mal in sy kop: *“Sekere vreemde dinge...”*.

Presies: Paulus bring die evangelie van Christus en van sy opstanding. So was ook hy ’n vreemdeling in Athene. Hy het ’n God bely wat aan die inwoners onbekend was. Miskien het hy wel gevoel soos *“’n vreemdeling in Jerusalem”*.

Maar hy kon deur dit alles die werklikheid sien. Want hy het geweet dat die rolle uiteindelik presies andersom is: *“So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God”* (Efesiërs 2:19). Tuis by God!

WAAR SAL DIT OP UITLOOP?

L Floor

God se bedoeling met ons lewe

Wat kan nie alles met ons gebeur nie? Behalwe siekte en gebrek, roumart, werkloosheid en invaliditeit is daar nog ’n breë reeks van moontlikhede. Jesus som dit in sy profetiese rede so op: honger, pessiëtes, vervolging, mishandeling en die tronk (Lukas 21:12). Dikwels kom dan die vraag op in ons hart: waarom? Waarom moet ek ly, waarom moes juis dit met my gebeur? Waarom al die rampe en teenspoed? Jesus gee die antwoord. Hy sê vir sy dissipels: *“En dit sal vir julle uitloop op ’n getuienis”* (Lukas 21:13).

Dit is God se bedoeling met ons lewe, ook en veral in tye van swaarkry: Hy wil dat ons sal getuig. Hoekom? In ons getuienis van God lê God se troos vir ons opgesluit. Soos die dissipels in Johannes 9:2 vra ons dikwels: waarom? Waarom is daardie man blind gebore? Maar Jesus antwoord met: waartoe! Die werke van God moet in hom openbaar word (Johannes 9:3)

Dit is God se bedoeling met ons lewe, ook en veral in tye van swaarkry: Hy wil dat ons sal getuig.

'n Slavin in die buiteland

In 2 Kon. 5 word ons vertel van 'n Joodse dogtertjie wat deur Siriese soldate uit haar land ontvoer is. Sy kom op die ou end tereg in die huis van 'n groot generaal. Daar moet sy as slavin werk. Hoekom het die Here dit toegelaat? Wat 'n verdriet vir haar ouers! Wat 'n angs en onsekerheid! Ons kan ons enigsins voorstel wat dit vir daardie dogtertjie moet beteken. Sy is ver van haar ouers. Weggeroof uit haar land. Geskei van alles wat vir haar soveel beteken. Wat 'n onvoorstelbare verdriet, wat 'n angs en spanning moet daardie meisiekind nie deurmaak nie? Dit sou geheel verstaanbaar wees, dat sy die hele dag sou gehuil en gekla en gekerm het en dat sy

Gelowiges is nie gehuurde diensknegte wat hulself moet onderhou deur hulle werk nie. Hulle is kinders wat deur hul Vader onderhou word.

- Horatius Bonar

vreeslik opstandig sou gewees het. Tog hoor ons niks van hierdie dinge nie. Inteendeel, drie ander dinge word van haar vertel. Wat ons by hierdie slavin sien is liefde, geloof en vrymoedigheid om te getuig. Haar gevangenskap loop uit op 'n getuienis.

Haar bekommernis

Merkwaardig, hierdie dogtertjie is baie bekommerd. Sy is egter nie bekommerd oor haar eie toestand nie. Ons hoor geen klag oor haar eie betreurenswaardige situasie nie. Sy het verneem dat haar meester, die groot generaal Naäman, ernstig siek is. Dit sou begryplik wees dat sy kon gedink het: Daar het jy dit. Hier kry hy sy verdiende loon. Dit is wat gebeur as jy kinders uit hulle land wegroof. Nee, sy is nie oor haar eie toestand bekommerd nie. Sy kry haar meester jammer. Daarom sê sy vir haar meesteres: "Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak" (2 Konings 5:3). Sy is in ontferming oor haar meester bewoë.

Haar geloof

Hierdie dogtertjie het in haar vaderland en in haar ouerhuis gehoor van die groot profeet. Sy het verneem hoe die Here deur Elisa magtige dade gedoen het. Sy glo dat vir God die onmoontlike selfs moontlik is en dat Hy in staat is om deur die profeet haar meester te genees. Hierdie geloof kon die soldate wat haar uit haar land en haar familie geroof het nie by haar wegneem nie. Haar geloof is haar anker in die vreemde land onder moeilike omstandighede. Haar geloof in God het ook gemaak dat daar nie haat en wrok teen haar ontvoerders en hul leier, die generaal was nie. Geloof maak mededeelsaam. Sy gun haar meester volkome genesing.

Haar getuienis

Ontvoering en slawerny het vir die klein dogtertjie nie uitgeloop op selfbejammering en verbittering en vyandskap nie. Haar swaarkry het uitgeloop op 'n getuienis. Sy getuig teenoor haar meesteres van

die profeet in Samaria en daardeur van die almag van God. Die slavin is 'n instrument in die hand van God om die groot generaal weer gesond te maak en tot geloof te bring. Laat ons onself afvra of die Here ons in ons swaarkry nie juis wil gebruik om vir ander tot seën te wees nie. Hoe baie siekes was deur hulle geloofsgetuienis nie tot 'n groot seën vir gesonde mense nie. Hoe het bedroefdes en beproefdes nie dikwels troos en bemoediging gebring aan mense wat dit juis op daardie tydstip so nodig gehad het, nie. Mag dit wat ons moet deurmaak ook in ons lewe uitloop op 'n getuienis. Daarom sal ons krag vind om lyding te verduur en vol te hou al kry ons swaar.

SAGMOEDIGHEID

JP Versteeg

In die Bybel word groot waarde geheg aan sagmoedigheid. Jesus spreek selfs die sagmoediges salig: "*Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang*" (Mat 5:5).

Moontlik dink baie van ons aan iets anders as wat met die Bybelse "sagmoedigheid" bedoel word. Sagmoedigheid word baie keer geassosieer met of verstaan as "saggeard" of "goedigheid."

Die Bybelse betekenis van "sagmoedigheid" is definitief anders as "saggeard wees". Dit blyk al uit die feit dat in die Bybel van Moses gepraat word as 'n uitermate sagmoedige mens. Moses word meer sagmoedig genoem "as enige iemand op die aarde" (Num 12:3). Tog was Moses nie sagmoedig of goedig in die sin soos mense oor die algemeen praat nie. Inteendeel: Moses kon verskriklik kwaad word. Hy kon mense striem met sy woorde en sy oë kon vuur skiet. Dit is hoe Michelangelo hom uitgebeeld het in sy beroemde beeldhouwerk wat ons nog vandag in Rome kan sien.

Dit neem nie weg, dat Moses in die Bybel

Christenskap is in sy wese en fondament 'n godsdiens van sondaars

- AL Martin

uitermatig sagmoedig genoem word nie. Sy sagmoedigheid sluit nie sy toorn uit nie, maar sluit sy toorn juis in. Hy was sagmoedigheid, omdat hy om die regte redes baie kwaad kon word. Moses was toornig wanneer God se reg aangetas word. Dan kon Moses nie meer stilbly nie. Hy het aan die ander kant wel stilgebly wanneer sy eie belange op die spel geplaas was. Oor hierdie sagmoedigheid van Moses word in die Bybel gepraat toe Mirjam, sy suster, hom eenkeer verskriklik beledig het (Num 12:1-2). Moses het homself nie op haar gewreek nie. Hy het hom stil gehou. Hierin het sy sagmoedigheid ook duidelik geword.

En so word die betekenis van die Bybelse woord “sagmoedigheid” vir ons duidelik. Iemand wat sagmoedig is, staan sterk waar God se belange aangetas word, maar weet ook om terug te staan wanneer dit oor sy eie belange gaan. Iemand is sagmoedig wanneer hy *altyd* op die regte tyd toornig raak, en *nooit* op die verkeerde oomblik nie (W Barclay).

Iemand wat sagmoedig is, staan sterk waar God se belange aangetas word, maar weet ook om terug te staan wanneer dit oor sy eie belange gaan.

Die volle betekenis van sagmoedigheid kan ons sien by Jesus. Hy word ook in die Bybel sagmoedig genoem (Mat 11:29 en 21:5), en ook by Hom sien ons twee eienskappe. Aan die een kant dryf hy die handelaars wat die tempel verontreinig hardhandig uit die tempel uit (die huis van sy Vader). By Jesus was daar nie minder nie as by Moses striemende woorde, en sy oë kon ewe veel vuur skiet. Aan die ander kant weer was Sy eerste reaksie, toe Hy aan die kruis vasgenael word, dat hy vergewing vra vir sy moordenaars. Dit is wat ware sagmoedigheid is. Om so vir God se saak op te kom soos wat Hy gedoen het, en ook om Homself tegelykertyd te verloën.

Daar is ‘n storie wat prof dr J de Graaf vertel in sy boek oor die bergrede. Tydens die Tweede

Wêreldoorlog was daar ‘n klomp gevangenes in ‘n barak in ‘n Duitse konsentrasiekamp. Elke aand het daar ‘n bewaker gekom en elke keer het hy dieselfde man geslaan. Die ander gevangenes kon net aand na aand met magtelose woede toekyk. Wat kon hulle doen? Totdat daar op ‘n aand een van die gevangenes vir die bewaker sê: “As jy dan nou elke aand iemand moet slaan, slaan maar vanaand vir my.” Dit het die bewaker onverhoeds betrap. Na ‘n bietjie aarseling sê hy: “Goed, ek sal jou slaan vanaand, maar omdat jy so braaf is om jouself aan te bied, kan jy self sê hoeveel keer ek jou moet slaan”. Die gevangene antwoord toe: “Nee, dit laat ek aan jou gewete oor”. Daar was weer verrassing en verwarring by die bewaker. Hy sê toe: “Ek het nie ‘n gewete nie.” Toe sê die gevangene: “Natuurlik het jy ‘n gewete, anders sou jy my al lankal geslaan het”. Na hierdie vreemde gesprek was die bewaker nie meer geïnteresseerd om te slaan nie. Hy het verdwyn en het nie weer teruggekom nie.

Dit is wat die Bybel met sagmoedigheid bedoel. Wanneer ons sagmoedig is, moet ons ons stem skreeuend verhef, maar ten koste van onself. Dit is presies wat die een gevangene gedoen het.

Hierdie sagmoedigheid kan ons net op een manier leer. Jesus sê: “...en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart” (Mat 11:29).

Die mens kan slegs gemeenskap met God hê volgens die weg wat God daarvoor bepaal het

- E Heerema

WAAR GOD SY NAAM LAAT GEDENK I

J Smelik

Dit is onder ons 'n goeie en Bybelse gedagte dat ons hele lewe eintlik liturgie is. Die vraag is egter : Wat is eie aan dit wat ons 'n kerkdiens noem? Wat onderskei 'n kerkdiens van 'n gemeente- of wyksvergadering waar 'n Skrifgedeelte behandel word?

Naam aanroep

Die wesenlike van 'n Nuwe-Testamentiese erediens is die samekoms (sien o.a. 1 Kor 5:4, 11:18, 20, 14:23). So 'n samekoms vind plaas in die Naam van Jesus Christus (Mat 18:20). Die kerk vergader op *vasgestelde tye*. Dit gebeur in die eerste plek altyd op 'n Sondag, die dag van Christus se opstanding. Verder is dit ook afspraak om op Christelike feesdae kerkdienste te hou. Dit sou ook moontlik wees dat ons – soos in die 16^{de} eeu – ook op Woensdagaande kerkdienste sou kon hou. Hoe dan ook: die eredienste word op gereelde, vasgestelde tye gehou. So wil ons 'bly volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede' (Hand 2:42).

Die gemeente kom dus bymekaar in die Naam van Jesus Christus (of in Naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees). Hiermee word nie slegs bedoel dat ons bymekaar kom volgens die opdrag van Jesus Christus nie, maar ook dat ons byeen kom om sy Naam aan te roep. Die hele byeenkoms word deur die gebed gedra. Wil ons seker wees dat God ons naby is in die hele erediens, dan moet ons sy Naam in waarheid aanroep (Ps 145:18). En sy Naam wys op sy werk en sy optrede in hierdie wêreld. In die Naam van die HERE lê opgesluit dat Hy aktief sal wees as Verlosser van sy volk.

Teenwoordig

Dit is noodsaaklik vir die liturgie dat ons God se daade moet 'gedenk'. Ons gedenk sy skeppings- en herskeppingswerk. Die woord 'gedenk' is 'n

besondere ryk Bybelse term met baie aspekte wat dikwels onlosmaaklik aan mekaar verbind is.

As vertrekpunt neem ons Eksodus 20:24: 'Op elke plek waar Ek my Naam sal laat gedenk, sal Ek na jou toe kom en jou seën'. Uit hierdie teks kom duidelik na vore dat waar God sy Naam laat gedenk, Hy self *teenwoordig* sal wees. Met ander woorde: in die erediens het ons nie te make met een van God se hoë amptenare wat Hy afgevaardig het nie. God is self met sy Woord en Gees teenwoordig. Deur te 'gedenk', (juis dit wat God se teenwoordigheid impliseer), word die kerkdiens iets anders as 'n godsdienstige samekoms van gelyk-denkendes wat oor God wil praat. Elke kerkdiens is 'n werklike verbonds-*ontmoeting* tussen God en sy volk.

Uit hierdie en talle ander tekste blyk dit dat God se aanwesigheid afhang van sy wil en van sy besondere genade. Dit is dus nie waar dat indien die mens God se Naam gedenk, God outomaties moet kom om ons te seën nie. Ons kan God nie vang en dwing in 'n vorm wat ons pas nie. Slegs waar *God* sy Naam laat gedenk, kom Hy om te seën.

In die Naam van die HERE lê opgesluit dat Hy aktief sal wees as Verlosser van sy volk

Deur die *teenwoordigheid* van God verskil 'gedenk' van 'herdenk', in herinnering bring. Herdenking en herinnering is terme wat van toepassing is op mense en sake wat verby is, nie meer aanwesig is nie. Wanneer God sy woorde en daade laat 'gedenk' in Skriflesing, gebede, liedere en sakramente, dan is God deur sy Woord en Gees teenwoordig in die gemeente. 'Gedenk' beteken dat God se daade in herinnering geroep word, in die teenwoordige gestel word, en op die toekoms gerig word. 'Gedenk' wil sê: wat in die geskiedenis deur God tot stand gebring is, word aktueel gemaak as daade van Jahwe, wat gister en vandag dieselfde was en is vir sy volk (sien o.a. Ps 102:28, Jes 41:4, Jes 43:10).

Die 'gedenk' van God se daade in die verlede beteken vir ons in die hede die verwagting en geloof dat God ook *nou* handelend sal optree.

Die Bybel is nie oud of modern nie. Dit is ewig.

- M Luther

Aksie

'n Belangrike aspek van die 'gedenk' is dan ook dat 'aksie' geïmpliseer word. Gedenk is onlosmaaklik verbind aan 'handel' of 'doen'. Wanneer God gedenk, handel Hy ook (vgl o.a. Gen 19:29, Eks 2:24, 2 Kron 6:42, Ps 74:22, 106:4, 5 Eseg 16:60). Ook die gesagvoerder van die skip waarmee Jona na Tarsis wou vlug, het dit geweet. Toe die skip in 'n hewige storm wou vergaan, toe kom die skeepskaptein na hom toe en sê vir hom: Staan op, roep tot jou God! Miskien sal die God aan ons dink, sodat ons nie vergaan nie (Jona 1:6). Hanna, die vrou van Elkana het ook ondervind dat God werklik na haar omgesien het en haar gedenk het. 'Sy het swanger geword en 'n seun gebaar....., en hom Samuel genoem; want sy het gesê: ek het hom van die Here gebid' (1 Sam 1:20).

Die 'gedenk' van God se dae in die verlede beteken vir ons in die hede die verwagting en geloof dat God ook nou handelend sal optree

Die voorbeeld in Deut 5 is besonder treffend - die lyn kan sonder moeite na ons eredienste deurgetrek word. In hierdie hoofstuk roep Moses ons op om die insettinge en verordeninge van Jahwe te leer en te onderhou. Ook die Tien Gebooie wat elke Sondag in ons kerkdienste (behoort!) gelees (te) word.

In verse 2 en 3 sê Moses vir die geslag Israeliete wat die gebeurtenisse by Horeb nie beleef het nie: 'Die Here onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit. Met ons vaders het die Here hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is'.

Natuurlik het God die verbond ook met die vaders gesluit, maar gelykertyd ook met al hul nakomelinge. Hier vind dus aktualisering van God se dae uit die verlede plaas.

Net so: Christus het twintig eeue gelede aan die kruis gesterf, uit die dood opgestaan en na die hemel toe opgevaar. Hierdie gebeurtenisse het

beide aktuele en toekomstige (eskatologiese) betekenis. Wat in die verlede plaasgevind het, het gebeur tot die heil van God se volk op aarde, in die eeue wat verby is, en die wat nog sal kom.

Wanneer ons al God se woorde en dae uit die verlede in herinnering roep, veronderstel dit dat ons in die hede en die toekoms ook daarvolgens sal *handel*, sal leef. Dat ons in elk geval opregte bedoelings het en God se hulp daarby sal inroep. .

(Word vervolg)

Sonder Christus het die son duisternis geword, het alle blomme verwelk en het ons hart verdor

- J Calvin